

NADERE BESONDERHEDE NEDERLAND, BELGIË EN ANDRÉ RIEU-KONSERT 30 JUNIE – 12 JULIE 2018

TOERPRYS: R44 650 plus reisversekering en *verpligte uitgawes van ongeveer R7 670 per persoon wat deel.

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- Retoervliegkaartjie van Johannesburg/Kaapstad via Dubai na Amsterdam
- Vervoer per luukse bus wanneer landvervoer ter sprake is
- Drie uitgebreide etes per dag
- Hantering van bagasie
- Ervare toerleiers vergesel die groep
- Opwindende bootvaart deur Nederland. Stap aan wal by knusse Nederlandse dorpie
- André Rieu-konsert in Maastricht

UITGESLUIT BY DIE TOERPRYS (*Verpligte uitgawes)

- *Lughawebelasting: Ongeveer R5 200
- *Visumkoste: Nederlandse Schengenvisum ± R1 300
- *Footjies vir gidse, busbestuurders en bootpersoneel. U betaal dit vooraf in Suid-Afrika sodat u nie u sakgeld daarvoor hoef te gebruik nie: ± R1 170
- Reisversekering, waarvoor u later volledige besonderhede sal kry
- Enkelgebruik van dubbelkajuit: R12 000
- Binnelandse aansluitingsvlugte na die O.R. Tambo-lughawe in Johannesburg of Kaapstad indien van toepassing
- Persoonlike uitgawes op die toer, bv u eie eet- en drinkgoed, telefoonoproepe en aandenkings

DEPOSITO EN INSKRYWING

'n Deposito van **R5 000** per persoon is met **inskrywing** betaalbaar. Die volledige toerprys moet vóór of op **30 Maart 2018** betaal wees. Persone wat ná **30 Maart 2018** inskryf, kan betaal sodra hulle Omsendbrief 2 van ons kantoor ontvang.

'n Tjek uitgemaak aan **CHRISTINE VAN WYK-TOERE**, afskrif van die bankdepositostrokies* of bewys van elektroniese oorbetalings (EFT) van **deposito** moet saam met die **Inskrywingsvorm** en getekende **Vrywaring** aan ons gestuur word.

**Alle geld wat in kontant inbetaal word, moet die ekstra kontantbetalingskoste insluit. Vra u bank hoeveel dit beloop (± 1% van die bedrag).*

NB: GEBRUIK U VOORLETTERS EN VAN AS VERWYSING!

Bankbesonderhede:

Standard Bank, Pretoria-Noord; Rekeningnommer: **410 722 782**; Takkode: **01-04-45** of **05-10-01**

BELANGRIK

'n Inskrywing is eers geldig wanneer ons die Inskrywingsvorm en deposito ontvang het. Dié vorm moet volledig voltooi word met u **volle voorname en van** soos dit in u paspoort verskyn.

Sodra ons u Inskrywingsvorm, deposito en getekende Vrywaring ontvang, stuur ons aan u Omsendbrief 1 met al die nodige besonderhede ivm klere wat u moet saamneem, ens. Daarna ontvang u nog omsendbriewe met nuus en inligting. **Laat weet ons asseblief indien enige van u kontakligging soos adres-, e-posadres of telefoonnommer(s) verander.**

PLEK OP DIE BOOT

Die MS Rigoletto het twee dekke. Al die kajuite is buite-kajuite, dieselfde grootte en die sig vanaf albei dekke is uitstekend. **Dit is ons gebruik om kajuite toe te ken in die volgorde waarin toerlede hul inskrywings en bewys van deposito's vir ons stuur. Ons maak eers die boonste dek van die boot vol en dan die onderste dek.** 'n Mens is selde bedags in jou kajuit. Terwyl die boot vaar, kuier almal heerlik in die ruim salon of op die dek. Die salon het gemaklike stoele en die omgewing kan van daar deur die groot vensters bekyk word terwyl gratis koffie en tee verskaf word. Rokers word tot die dek van die boot beperk.

BEREKENING VAN TOERPRYS

Die toerprys is uitgewerk per persoon wat deel. Soos met enige ander toer is hierdie een ook onderhewig aan faktore buite ons beheer wat die toerprys en toerdatums kan beïnvloed.

'n Toerprys bestaan hoofsaaklik uit die koste van die vliegkaartjies en landreëlings, dws busvervoer, akkommodasie en uitstappies. Landreëlings word in die betrokke land se geldeenheid gekwoteer. Toerpryse is dus aan wisselkoersveranderinge onderhewig.

Dit was nog altyd ons beleid om nie ligtelik 'n toerprys te verhoog nadat dit vasgestel is nie. Ons is egter genoodsaak om die toerprys aan te pas as die wisselkoers teenoor die betrokke buitelandse valuta baie sou verander.

FINALE BETALING

Die volle toerprys plus alle ander gelde (visums, fooitjies, reisversekering ens) vir die toer moet vóór 30 Maart 2018 betaal word. Tref asseblief vroegtydig die nodige reëlings dat u geld beskikbaar is. Vooruitgedateerde tjeks vir die betaaldatum word ook aanvaar.

Slegs vliegkaartjies en lughawebelasting kan per kredietkaart betaal word ná voltooiing van 'n vorm wat ons aan u sal stuur. Die res van die toerprys word direk aan Christine van Wyk-toere betaal – nie per kredietkaart nie, maar deur tjeks te pos, tjekdeponerings of elektroniese oorplasinge te maak.

KANSELLASIE VAN TOER, INDIEN VAN TOEPASSING

Ingeskrewe toerlede wat voor **28 Februarie 2018** (4 maande voor vertrek van die toer) skriftelik kanselleer, kry **R4 500** van die deposito terug. Toerlede wat daarna, tot **30 Maart 2018**, kanselleer, ontvang **R4 000** terug. Vir kansellasies **ná 30 Maart 2018** word **geen** deposito's terugbetaal nie.

Indien 'n toerlid **vanweë siekte** genoodsaak is om te kanselleer voor die finale toerprys betaal is (**30 Maart 2018**), word die volle deposito minus **R500** administratiewe koste by voorlegging van 'n doktersertifikaat terugbetaal. In geval van kansellasië as gevolg van siekte ná **30 Maart 2018** geld dieselfde reël totdat u reisversekering uitgeneem is.

Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiedekking voorsiening maak uitgeneem is, kan u, indien u die toer moet kanselleer, u geld vanaf die versekeringsmaatskappy terugeis – mits die rede vir kansellasië kragtens die polis aanvaarbaar is. Volledige besonderhede oor reisversekering sal aan almal wat inskryf, gestuur word.

Reisversekering is verpligtend. Toerlede het die keuse om hul versekering deur ons kantoor uit te neem of dit privaat te doen en 'n afskrif van die reiseversekeringsdokumente aan ons te stuur.

VLIEGKAARTJIES EN KONSESSIEHOUEERS

Die groep reis met **Emirates**. Konsessiehouers of mense wat om een of ander rede 'n ander lugdiens gebruik, kan hulle in Europa by die groep aansluit. U kan die prys van die vliegkaartjie, naamlik **R6 500**, van die toerprys aftrek.

Die groep se vliegkaartjies word deur **Benita Venter** van **FERNWEH TRAVEL** uitgereik.

AGTERBLY IN EUROPA NA AFLOOP DIE TOER

Dit is moontlik om ná die toer op u eie verder te reis teen 'n wegbreekfooi van ongeveer R500. Benita by FERNWEH TRAVEL kan u in hierdie opsig bystaan.

Benita Venter, Fernweh Travel

E-posadres: benita.venter1@gmail.com

Tel: 072 935 3679

ENKELKAJUITE

Toerlede kan enkel-akkommodasie kry, mits hulle bereid is om 'n bedrag by te betaal. Daar is nie enkelkajuite op die boot beskikbaar nie – slegs dubbelkajuite vir enkelgebruik. U spaar baie as u 'n kajuitmaat het – probeer gerus 'n kennis oorreed om saam te gaan. Ons probeer om vir enkellopendes geskikte kajuitmaats te vind, **maar staan onder geen verpligting wat dit betref nie.**

PASPOORTE (DRINGEND!)

Maak vroegtydig seker dat u paspoort vir minstens 3 maande ná afloop van die toer nog geldig is. Daar moet ook minstens drie skoon bladsye in u paspoort wees vir 'n Schengenvisum en vir doeanestempels.

BELANGRIK: Doen onmiddellik aansoek vir 'n nuwe paspoort indien u paspoort verval het of in minder as drie maande ná u terugkeer in Suid-Afrika gaan verval. Indien u paspoort nie reg is nie, kan dit veroorsaak dat u nie betyds 'n visum kry nie.

BELANGRIK:**MINDERJARIGES**

Minderjarige kinders wat saam met u reis, benodig 'n "unabridged"-geboortesertifikaat, wat saam met hulle visumaansoeke ingedien moet word. Hierdie sertifikaat verskil van die standaard geboortesertifikate wat deur Suid-Afrika se Departement van Binnelandse Sake uitgereik word – dit bevat die kind asook albei ouers se volle name en identiteitsnommers op één, amptelike dokument. Doen asseblief onmiddellik aansoek vir "unabridged"-geboortesertifikate vir elkeen van u minderjarige kinders wat saam met u gaan reis. Hou die bewys van betaling as versekering dat u wel vir hierdie dokument(e) aansoek gedoen het. Daar is privaat instansies wat dokumente vinniger by Binnelandse Sake kan kry, maar teen 'n stewige fooi. Kontak ons vir besonderhede.

TOERFIKSHEID

Voornemende toerlede moet besef dat hulle deel vorm van 'n groep en dat hulle fisieke en emosionele omstandighede op geen manier die groep se belange mag benadeel nie. Mense wat byvoorbeeld moeilik beweeg, kan die groep vertraag. Toerlede kan nie verwag dat medetoerlede hulle moet help of bystaan nie.

'n Basiese riglyn vir toerfiksheid is dat 'n mens onafhanklik in-en-uit 'n toerbus moet kan klim, onafhanklik 'n stel trappe kan klim en ongeveer 1 km op jou eie moet kan stap.

Persone wat deurentyd hulp of bystand nodig het, MOET iemand saamneem wat na hulle kan omsien.